NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur 200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n Bronmateriaalboekie van 8 bladsye (i–viii). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Verwyder die Bronmateriaalboekie uit die middel van die vraestel.

2. Lees die vrae noukeurig deur.

3. Al die vrae moet beantwoord word.

4. Hierdie vraestel bestaan uit:

   Afdeling A, wat die volgende insluit:
   - Visuele ontleding
   - Tekstuele ontleding
   - Huidige kwessie in die media

   EN

   Afdeling B, wat die volgende insluit:
   - Brongebaseerde vrae, wat die Bronmateriaalboekie gebruik
   - Kennisgebaseerde vrae

   EN

   Afdeling C, wat die volgende insluit:
   - 'n Brongebaseerde opstel, wat die Bronmateriaalboekie gebruik

5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

6. Laat 'n reël tussen jou antwoorde oop.

7. Begin elke nuwe afdeling op 'n nuwe bladsy.

8. Trek 'n 2 cm kantruimte aan die regterkant van die bladsy – moenie daarin skryf nie.

9. Skenk aandag aan die puntetoekenning – twee punte word vir 'n geldige feit toegeken. Dit beteken dat 'n vraag wat vier punte tel, twee feite vereis.

10. Gebruik die bronne wat verskaf word om jou antwoorde te formuleer, tensy daar opdrag gegee word om jou eie kennis te gebruik.

11. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf. Werk op 'n geordende wyse en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.

IEB Copyright © 2024

AFDELING A

VRAAG 1 VISUELE BRONONTLEDING

Die spotprent hieronder is in 2022 deur Taylor Jones geteken ná die dood van Gorbachev. Jones is 'n gesindikeerde politieke spotprenttekenaar wie se werk in *The New Yorker*, *U.S. News & World Report*, *The New Republic* en *The Chicago Tribune* verskyn het, asook in dosyne ander koerante en tydskrifte.



[Aanlyn beskikbaar by: <https://www.newsjustin.press/cartoon-mikhail-gorbachev-1931-2022/> (Verkry 25 Januarie 2024)]

IEB Copyright © 2024

1.1 1.1.1 Watter visuele leidraad in die spotprent dui aan dat die kombers die USSR verteenwoordig? (2)

1.1.2 Noem TWEE beleide wat Gorbachev ingestel het toe hy in 1985 leier van die USSR geword het. (4)

1.2 1.2.1 Watter boodskap dink jy probeer die spotprenttekenaar oordra van Gorbachev se rol in die verbrokkeling van die USSR? Verwys na EEN visuele leidraad om jou antwoord te ondersteun. (4)

1.2.2 In watter mate stem jy saam met die spotprenttekenaar se mening? Ondersteun jou antwoord met EEN punt. (4)

1.3 Hoe betroubaar is hierdie bron om die redes vir die verbrokkeling van die USSR te verstaan? Verduidelik jou antwoord. (6)

[20]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 2 TEKSTUELE ONTLEDING

Hierdie is 'n uittreksel wat die bevindings van die WVK (Waarheids- en Versoenings-kommissie) opsom.

> … Die prestasies van die WVK was aansienlik. Dit het bo alle twyfel vasgestel dat moordeenhede nie by uitsondering* opgetree het nie, maar as deel van die stelsel van regeringsonderdrukking; dat marteling stelselmatig toegepas is en in werklikheid as amptelike praktyk goedgekeur is en dat geweld tussen mededingende swart faksies amptelik aangemoedig, ondersteun en gefinansier is.
>
> Dit het die bevelsketting gevestig wat tot die hoogste regeringsvlakke gelei het. Dit het die bevrydingsbewegings met hul eie moord-, martel- en halssnoermisdade gekonfronteer, en het geweier om hierdie misdade anders as regeringsmisdade te beoordeel. Dit het gehelp om baie moorde en verdwynings op te los wat so baie gesinne so lank gekwel het. Dit het ook 'n verhoor vir duisende slagoffers en hul gesinne verskaf, wat baie mense vir die eerste keer verligting van hul lyding en hartseer gebied het …

[Aangepas van: Martin Meredith. *The State of Africa: A History of 50 Years of Independence.* Jonathan Ball Uitgewers. 2005. Bladsy 659–660.]

*uitsondering – 'n afwyking van wat normaal, algemeen of verwag is

2.1 2.1.1 Maak 'n lys van die DRIE hoofdoelwitte van die WVK deur jou historiese kennis te gebruik. (6)

2.1.2 Watter doelwit van die WVK is volgens die bron bereik? Gee DRIE bewyse om jou antwoord te staaf. (8)

2.2 Gebruik jou historiese kennis en gee TWEE punte van kritiek op die WVK, volgens familielede van die slagoffers van apartheid. (4)

2.3 Watter komitee van die WVK sou die gevolgtrekkings gemaak het wat in die bron genoem word? (2)

[20]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 3 HUIDIGE KWESSIE IN DIE MEDIA

Die volgende artikel is geskryf deur Suntosh R. Pillay – 'n sielkundige, navorser, joernalis en aktivis. Hy skryf sosiale kommentaar in sy onafhanklike hoedanigheid. Sy artikel is op 21 Mei 2024 op die *Mail and Guardian* se webwerf geplaas.

Dit was 'n woeste rit sedert 1994, maar Suid-Afrikaners moet aanhou stem

Ek onthou dat ek op 27 April 1994 saam met my ouers gaan stem het. Dit was 'n Woensdag. Ek was nog op laerskool en het nie die volle erns van die oomblik begryp nie, maar ek het geweet dit was belangrik en opwindend. My gesin het elke aand ywerig na die nuus gekyk. Ons het gewag vir die amptelike aankondiging dat Nelson Mandela ons wedergebore land sou lei. **(Paragraaf 1)**

Die belofte van vryheid het in Suid-Afrika aangebreek. Die onwettige Nasionale Party is ná 46 jaar van rassistiese bewind uitgestoot. Apartheid was verby – amptelik, in elk geval. In sy inhuldigingstoespraak as president op 10 Mei 1994 het Mandela ons daaraan herinner dat "daar geen maklike pad na vryheid is nie. Ons weet goed dat nie een van ons wat alleen optree, sukses kan behaal nie." **(Paragraaf 2)**

Die Mandela-era was so romanties as wat ons storie ooit kan wees. 'n Regering van nasionale eenheid, bevrydingshelde in sleutelportefeuljes, … die trane van die Waarheids- en Versoeningskommissie, die invloei van globale beleggings. Ons was die postkoloniale liefling van die Weste, wat teen 'n duiselingwekkende spoed ontwikkel het. Die magiese Madiba het ons aan eenhorings laat glo*… **(Paragraaf 3)**

Inderdaad. Suid-Afrika hou steeds vreedsame, tydige, vrye, regverdige en geloofwaardige verkiesings. Die OVK* werk. Ons het 'n veelpartydemokrasie. Ons het vryheid van spraak. Ons het opposisiepartye wat gedy. Ons kan kritiseer wie ons wil sonder om tronk toe te gaan ... ons demokrasie is 'n model vir die res van Afrika ... Daar is geen regte of verkeerde besluite op 29 Mei 2024 nie ... Maar ek weet dít goed: om te stem, is net een vorm van optrede wat ons moet gebruik om die ratte van hierdie land deursigtig te laat draai … **(Paragraaf 4)**

[Aangepas en aanlyn beskikbaar by <https://mg.co.za/thought-leader/opinion/2024-05-21-its-been-a-wild-ride-since-1994-but-south-africans-must-keep-on-voting/> Verkry 22 Mei 2024)]

*eenhorings – mitiese wesens wat geassosieer word met towerkuns en om onmoontlike dinge te bereik
*OVK – die liggaam wat Suid-Afrikaanse verkiesings reël en bestuur

3.1 Verduidelik waarom die skrywer die Nasionale Party "onwettig" noem. Gebruik die bron en jou historiese kennis. (6)

3.2 Gebruik jou historiese kennis en verduidelik hoe die "regering van nasionale eenheid" wat in Paragraaf 3 genoem word, saamgestel was. (4)

3.3 Watter TWEE bewyse in Paragraaf 3 dui daarop dat die internasionale gemeenskap die oorgang na demokrasie in Suid-Afrika in 1994 sou verwelkom? (4)

3.4 Glo die skrywer dat die 1994-verkiesing Suid-Afrikaners met 'n positiewe nalatenskap gelaat het? Verduidelik deur Paragraaf 4 te gebruik. (6)

[20]

60 punte

IEB Copyright © 2024

AFDELING B BRONGEBASEERDE VRAE

Bestudeer die bronne wat in die Bronmateriaalboekie voorkom en beantwoord dan die vrae wat volg.

Verwys na Bron A

4. 4.1 Gebruik jou historiese kennis om 'n definisie van die term "Westers" te verskaf. (2)

   4.2 Gee DRIE bewyse uit Paragraaf 2 wat toon dat Westerse moondhede 'n negatiewe uitwerking op politiek in die Kongo gehad het. (6)

5. Verskaf die bron enige bewyse dat plaaslike politici 'n rol gespeel het in die post-koloniale wanorde? Ondersteun jou antwoord met EEN bewys. (4)

6. Gebruik die bron en beskryf die motivering vir buitelandse betrokkenheid in die Kongo. (Paragraaf 3) (4)

7. Vind 'n historiese konsep in Bron A wat die beste by elk van die volgende definisies pas. Skryf slegs die historiese konsep neer. (Geen verduideliking word benodig nie.)

   7.1 Verwys na 'n skielike, gewelddadige omverwerping van 'n regering. (Paragraaf 1) (2)

   7.2 Verwys na 'n land wat sy eie wette maak en vry is van beheer van buite. (Paragraaf 2) (2)

   7.3 Verwys na 'n politieke stelsel waarin een persoon absolute mag besit. (Paragraaf 3) (2)

Verwys na Bron B

8. Gee VIER redes waarom Lumumba na slegs ses maande as premier van die Kongo afgesit is. Gebruik jou historiese kennis om te antwoord. (8)

9. 9.1 Verskaf EEN visuele leidraad in die foto wat aantoon dat Lumumba gevange geneem is. (2)

   9.2 Verskaf EEN beperking van HIERDIE foto vir historici wat die oorsake van die wanorde in die Kongo na onafhanklikheid navors. (2)

10. Verskaf 'n opskrif vir hierdie foto, wat moontlik in 'n pro-President Kasavubu-koerant verskyn het. (2)

IEB Copyright © 2024

Verwys na Bron C

11. Gebruik die bron om te verduidelik hoe beheer van kommunikasie en belangrike fasiliteite Lumumba se vermoë om weerstand te bied, beïnvloed het toe Kasavubu hom uit sy magsposisie verwyder het. (4)

12. 12.1 In watter opsig is Bron C nuttig vir historici wat die impak van die Verenigde Nasies se rol in die Kongo gedurende die 1960's bestudeer? Verskaf TWEE punte. (4)

12.2 Haal EEN voorbeeld van vooroordeel teenoor Lumumba aan deur die skrywer van die bron. (2)

Verwys na Bron D

13. 13.1 Wat is "huursoldate" soos in die teks aangetref, volgens jou kennis? (2)

13.2 Gebruik die bron om TWEE gevolge van die huursoldate se optrede op die plaaslike bevolking en gevangenes tydens die konflik in die Kongo te noem. (4)

Verwys na Bron E

14. 14.1 Watter ideologie het die twee lande wat deur Khrushchev (USSR) en Mao Tse Tung (China) verteenwoordig word, volgens jou historiese kennis in gemeen? (2)

14.2 Wat is die boodskap van die spotprent met betrekking tot die verhouding tussen Afrikalande (veral die Kongo) en die ander lande wat in die spotprent verteenwoordig word? Ondersteun jou antwoord deur na TWEE visuele leidrade in die spotprent te verwys. (6)

Verwys na Bron F

15. Gebruik Bron F sowel as jou historiese kennis om te sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.

Skryf slegs WAAR of ONWAAR neer. (Geen verduideliking word benodig nie.)

15.1 Kasavubu sowel as Lumumba het beweer dat hulle mekaar afgedank het. (2)

15.2 Bron F kritiseer Lumumba en Kasavubu dat hulle nie gedoen het wat die beste vir die Kongo was nie. (2)

15.3 Mobutu het in 1960 aan bewind gekom. (2)

15.4 As leier van die Kongo sou Mobutu Kasavubu se aktiwiteite beheer. (2)

15.5 Bron F suggereer dat Mobutu moontlik 'n rol in die teregstelling van Lumumba gespeel het. (2)

15.6 Bron F is 'n primêre bron. (2)

IEB Copyright © 2024

Verwys na Bron G

16. Gebruik Bron G om die volgende vrae te beantwoord. Skryf slegs die antwoord neer. (Geen verduideliking word benodig nie.)

    16.1 Gebruik die bron en noem VIER lande wat by die Kongo-krisis van 1960–1965 betrokke was. (8)

    16.2 Terwyl "Moskou" (USSR), China en Kuba almal kommunisme wou uitbrei, het hul strategiese belange in die Kongo gedurende die 1960's effens verskil, volgens die bron.

    Gebruik die bron en beskryf elke land se strategiese* doelwitte in die Kongo. (6)

    [*die langtermyn-doelwitte en prioriteite wat 'n nasie beoog om te bereik om sy veiligheid te beskerm, sy welvaart te bevorder en sy invloed op die globale toneel te bevorder]

Verwys na Bron H

17. Gee TWEE aanhalings wat aandui dat Lumumba se optrede stabiliteit in die Kongo bedreig het. (4)

90 punte

AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTEL

VRAAG 18

Gebruik Bronne A tot H in die Bronmateriaalboekie om 'n brongebaseerde opstel oor die volgende onderwerp te skryf:

In watter mate was eksterne magte verantwoordelik vir die onstabiele politieke toestande in die Kongo ná onafhanklikheid?

Maak seker dat jy die bronne wat verskaf word, gebruik om jou argument saam te stel en onthou om die bronne per letter te erken.

50 punte

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2024